Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Assesseringsbestuur

Verwysing: 20190826-8437
Lêernommer: 13/2/2/2/25
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0011/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Deelname aan die ondertekening van 'n belofte en verbintenisooreenkoms rakende die skryf van die 2019 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen

1. Die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen word ingevolge die ***Regulasies betreffende die afneem, administrasie en bestuur van assessering vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*** (gewysig), soos uitgereik in *Staatskoerant Nr. 31337* van 29 Augustus 2008, geadministreer en afgeneem, wat op openbare en onafhanklike assesseringsliggame van toepassing is wat die Nasionale Kurrikulumverklaring, graad R tot 12 assesseer en eksamineer.

2. Enige afwyking of oortreding van die regulasies deur 'n kandidaat wat vir die NSS-eksamen ingeskryf is, kan daartoe lei dat hulle eksamenuitslae nietig verklaar word. Dit is dus noodsaaklik dat alle kandidate hierdie reëls en regulasies ken en dit verstaan.

3. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het versoek dat kandidate wat geregistreer is om die NSS-eksamen te skryf, 'n verbintenisooreenkoms en 'n belofte onderteken om die gedragskode van die eksamen te gehoorsaam.

4. Alle leerders en hulle ouers of voogde moet die verbintenisooreenkoms (**Bylae A**), voor die aanvang van die eksamen onderteken.

5. Die verbintenisooreenkoms bied 'n gedetailleerde lys van die sleutelreëls en regulasies oor die NSS-eksamen asook 'n lys van onreëlmatighede wat tydens die skryf van die eksamen kan voorkom.

Laer Parlementstraat, Kaapstad 8001
Tel: +27 21 467 2407 Faks: +27 21 467 9370
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

6. Die nasionale seremonie vir die ondertekening van die belofte is vir Vrydag, 11 Oktober 2019 om 10:00 geskeduleer.

7. Skole moet vir elke graad 12-kandidaat 'n fotokopie van die NSS-eksamenbelofte (**Bylae B**) druk.

8. Skole moet kandidate in kennis stel dat die ondertekening van die belofte vrywillig is en dat kandidate nie verplig sal word om die belofte te onderteken nie.

9. Op 11 Oktober 2019, of op 'n gepaste alternatiewe datum, moet 'n vergadering van alle graad 12-leerders byeengeroep word as deel van hul oriëntering en voorbereiding vir die skryf van die NSS-eksamen.

10. Tydens die prinsipaal se toespraak, moet die eksamenreëls op die agterkant van die toelatingsbrief aan die kandidate voorgelees word.

11. Die kandidate moet gevra word om die belofte hardop te lees en dan toegelaat word om dit te onderteken.

12. Waar moontlik, moet fotokopieë van die ondertekende beloftes gemaak en as deel van elke kandidaat se skoolrekord by die skool bewaar word.

13. Die oorspronklike belofte moet vir die duur van die 2019 NSS-eksamen in die besit van elke kandidaat bly.

14. Daar word aanbeveel dat die ondertekening van die belofte tot graad 10- en 11-leerders uitgebrei word om 'n eenvormige standaard oor die afneem van die eksamen in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase te verseker.

15. Die aangehegte NSS-eksamenbelofte kan vir graad 10 en 11 aangepas word.

16. Prinsipale word vriendelik versoek om te verseker dat die seremonie vir die ondertekening van die belofte, korrek by hulle skole uitgevoer word.

17. Die samewerking van die 2019 NSS-eksamenkandidate in hierdie verband sal waardeer word.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2019-09-25

BYLAE A

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERBINTENISOOREENKOMS TEN OPSIGTE VAN DIE 2019 NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN

BRIEF AAN KANDIDATE/OUERS/VOOGDE

NAAM VAN KANDIDAAT **IDENTITEITSNOMMER**

NAAM VAN SKOOL **DISTRIK**

1. Die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen word ingevolge die ***Regulations pertaining to the conduct, administration and management of assessment for the National Senior Certificate examination***, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 31337 van 29 Augustus 2008, deur alle provinsies in die land geadministreer en afgeneem.

2. Enige afwyking of oortreding van die regulasies deur ’n kandidaat sal die integriteit van die eksamen onder verdenking plaas en die **uitslae** van die kandidaat kan **nietig verklaar word**. Dit is dus noodsaaklik dat alle kandidate hulle van die reëls en regulasies vergewis en die aangehegte erkenningsvorm hieroor teken. Ouers/voogde moet ook teken as erkenning dat hulle bewus is van die reëls en regulasies**.**

3. Voor die aanvang van die eksamen moet die kandidaat en ouer/voog kennis neem van die volgende:
   (a) Elke kandidaat moet registreer om die 2019 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen af te lê.
   (b) Die registrasie sal bevestig word in ’n toelatingsbrief wat aan die kandidaat uitgereik word en wat die volgende bevestig:
      (i) Volle name en van
      (ii) Eksamennommer
      (iii) Skool
      (iv) Vakke en die getal vraestelle
      (v) Datums en tye waarop elke vraestel geskryf word
   (c) Ouers en voogde moet die volgende kontroleer en seker maak daarvan:
      (i) Die datums en tye waarop elke vraestel geskryf word
      (ii) Hulle moet betyds by die eksamenlokaal opdaag (ten minste 30 minute voor aanvangstyd)
      (iii) Hulle moet hulle toelatingsbrief en identiteitsdokument en alle nodige skryfbehoeftes vir die vraestel by hulle hê
      (iv) Daar word van kandidate verwag om die eksamen in hulle skoolklere af te lê

4. Kandidate moet op die volgende let:
   (a) Kandidate is verplig om alle instruksies van die opsieners en die hoofopsiener oor die eksamen te gehoorsaam.
   (b) Daar word van kandidate verwag om op hulle eie die vrae in die vraestel te beantwoord, sonder hulp van hulle eweknieë of opvoeders. Waar hulp deur 'n opvoeder of opsiener of leerder aangebied word, is dit die kandidaat se verantwoordelikheid om dit onder die aandag van die hoofopsiener te bring. Versuim om sodanige hulp te rapporteer, sal die kandidaat onder verdenking bring.
   (c) Dit is dus die kandidaat se verantwoordelikheid om enige inligting of gerug oor eksamenonreëlmatighede aan die opsiener/hoofopsiener te rapporteer. Versuim daarvan sal beskou word as 'n sameswering waarvoor die kandidaat verantwoordelik gehou sal word.
   (d) Waar 'n vraestel of deel/dele van 'n vraestel deur middel van 'n e-pos, SMS, WhatsApp of enige ander elektroniese middel aan 'n kandidaat gestuur word en waar versuim word om sodanige geval aan die opsiener/hoofopsiener te rapporteer, sal hy/sy gesien word as aandadig daaraan.
   (e) Sodra hy/sy in die eksamenlokaal is, moet die kandidaat seker maak dat:
      (i) Daar geen aantekeninge of enige ander materiaal wat nie in die eksamenlokaal toegelaat word, in hy/sy se besit is nie. Enige aantekeninge of materiaal wat in hulle besit gevind word, word as wangedrag beskou.
      (ii) Geen selfone of enige ander toestel in die eksamenlokaal ingebring is nie. Enige sodanige toestel wat in hulle besit gevind word, word ook as wangedrag beskou.
   (f) Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om te kontroleer dat die vraestel en/of vak waarvoor hulle geregistreer het, ontvang is.
   (g) Geen eksamenantwoordboeke (of deel van 'n antwoordboek/antwoordblad), gebruik of ongebruik, mag uit die eksamenlokaal verwyder word nie. Indien dit gebeur, sal dit as 'n onreëlmatigheid beskou word en die kandidaat sal **GEEN** krediet vir die eksamen kry nie.
   (h) Indien 'n kandidaat die verkeerde vak of verkeerde taalvlak (in 'n taalvraestel se geval) aflê, sal dit as 'n tegniese onreëlmatigheid beskou word, en dit sal meebring dat die kandidaat se uitslae geblokkeer/gekanselleer/vertraag word.
   (i) Kandidate word sterk aanbeveel om nie verskillende handskrifstyle in hulle antwoordboeke te gebruik nie, aangesien die gevolglike ondersoek daarvan die vrystelling van hulle uitslae sal vertraag.
   (j) Kandidate se gedrag voor, tydens en ná die vraestel is belangrik. Ontwrigtende en bandelose gedrag sal nie geduld word nie, en die kandidaat kan verbied word om die eksamen af te lê.
   (k) Waar 'n kandidaat aandadig aan 'n eksamenonreëlmatigheid was, moet die ouer/voog en kandidaat beskikbaar wees, omdat versuim daartoe tot verdere vertragings in die vrystelling van die kandidaat se uitslae sal lei.
   (l) Slegs bevorderde leerders word toegelaat om die meervoudige eksamengeleentheid (MEG)-opsie te volg. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sal lei tot geen uitslae vir kandidate nie.

5. Die hooftipes onreëlmatighede wat tydens die eksamen kan plaasvind, word op bladsy 4 opgenoem.

6. Waar 'n kandidaat enige van die reëls en regulasies soos hierbo genoem oortree, behou die Departement van Basiese Onderwys die reg voor om die kandidaat se uitslae nietig te verklaar en hulle kan belet word om vir 'n tydperk van **een tot drie jaar** (soos vasgestel in die Regulasies in *Staatskoerant* No. 31337 van 29 Augustus 2008) enige eksamen te skryf. Strafregtelike vervolging kan opgelê word indien daar gevind word dat 'n leerder betrokke is by die uitlek van enige eksamenvraestel.

7. Dissiplinêre stappe kan gedoen word teen beamptes wat by onreëlmatighede by hulle eksamenlokale betrokke is.

VERKLARING DEUR OUER/VOOG

Ek, _____ ouer/voog van _____
(Volle naam van ouer/voog) (Volle naam van leerder)

verklaar dat ek die reëls en regulasies oor die gedrag in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen en die gevolge daarvan gelees en verstaan het, indien my kind/pleegkind enige van die regulasies oortree.

_____ _____
(Handtekening) (Datum)

VERKLARING DEUR LEERDER

Ek, _____ _____,
(Volle name van leerder) (Eksamennommer)

verklaar dat ek die reëls en regulasies oor die gedrag in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen, en die gevolge daarvan gelees en verstaan het, indien ek enige van die regulasies oortree.

_____ _____
(Handtekening) (Datum)

MAGTIGING VAN PRINSIPAAL (*Ex officio*)

Ek,
_____ van _____
(Naam van prinsipaal) (Naam van skool)

getuig dat die bogenoemde verklaring in my teenwoordigheid geteken is op:

_____ by _____
(Datum) (Naam van skool)

_____
(Handtekening van prinsipaal)

Skoolstempel:

Hierdie verbintenisooreenkoms moet gebêre word totdat die aanvullende eksamens klaar afgelê is. ’n Afskrif moet aan die kandidaat gegee word, en die oorspronklike moet by die skool gebêre word.

SOORT ONREËLMATIGHEDE WAT KAN PLAASVIND

NO.	AARD VAN ONREËLMATIGHEID
1	Laat opdaging (kandidate sal nie toegelaat word om te skryf indien hulle meer as ’n uur laat is na die aanvangstyd nie, en geen bykomende tyd sal aan kandidate wat laat opdaag, gegee word nie)
2	Inbring van ongemagtigde materiaal in die eksamenlokaal (afloeraantekeninge, selfone, ander elektroniese toestelle, ens.)
3	Afkyk (van ’n ander persoon/enige ander bron)
4	Ander kandidate toelaat om van hulle af te kyk
5	Skimskrywers (enige ander persone wat ten behoewe van die kandidaat(ate) skryf)
6	Bladsye uit die antwoordboek verwyder of die antwoordboek beskadig (alle ruwe werk moet in die antwoordboek in potlood gedoen word, ’n streep moet daardeur getrek en “ruwe werk” geskryf word)
7	Die skryf van ’n verkeerde eksamennommer op die antwoordboek
8	Aanvaarding van antwoorde van opsieners of enige ander beampte
9	Versuim om die antwoordskrif en los antwoordblaaie aan die einde van die eksamensessie aan die opsiener voor te lê
10	Die kandidaat is dronk of onder die invloed van enige onwettige middel en is skuldig aan wanordelike gedrag
11	Enige vorm van intimidasie
12	Verkryging van die vraestel uit enige bron voor die bepaalde skryfdatum en tyd, en verspreiding van die vraestel op papier of elektronies deur middel van sosiale media (bv. WhatsApp, ens.)
13	Aflê van die eksamen buite die eksamenlokaal
14	Versuim om met die opsiener na te gaan of die regte papier gebruik is (getal bladsye, getal vrae, tydsduur van vraestel, korrigering van errata – indien enige)
15	Enige daad of gedrag van die kandidaat of enige ander persoon wat hom sal toelaat om hom/haar onregvoordig te bevoordeel tydens die aflê van die eksamen
16	Versuim om enige kennis oor of besit van ’n uitgelekte vraestel te rapporteer, of direkte of indirekte toegang tot ’n uitgelekte vraestel te verkry

ANNEXURE B

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL SENIOR CERTFICATE EXAMINATION PLEDGE

I …….. hereby solemnly pledge:

(a) To do my best in the forthcoming examination so that I can achieve the personal and academic goals I have set for myself.

(b) To focus on my studies and devote all my time to revise the work that I have covered during the course of the year and strengthen all the skills that I need to be successful in this examination.

(c) I will also be supportive of my peers as we prepare in earnest for this examination.

(d) I will not be deterred by personal or other circumstances as I strive to achieve my National Senior Certificate qualification.

(e) I pledge to uphold the principles of honesty and integrity in this examination by:

- (i) Complying with all the rules and regulations relevant to the National Senior Certificate examination.
- (ii) Following the lawfully recognized instructions of the invigilator during the writing of the examination.
- (iii) Not being influenced, in any way, to cheat in the examination by any person including the invigilator.
- (iv) Not participating in any wrongdoing which includes, but not limited to: copying, being in possession of unauthorised material or electronic devices (example cellphone), accepting or providing assistance to another candidate, writing on behalf of another candidate or any other unauthorised action.
- (v) Reporting any form of wrongdoing that I am aware of to the school principal.

(f) I solemnly make this promise and acknowledge that this pledge is binding on my conscience.

Name:	
Examination No.:	
Centre Name:	
Signature:	
Date:	

BYLAE B

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMENBELOFTE

Ek …….. onderneem plegtig:

(a) Om my bes te doen in die komende eksamen sodat ek die persoonlike en akademiese doelwitte kan bereik wat ek vir myself gestel het.

(b) Om te fokus op my studie en al die tyd tot my beskikking te gebruik vir hersiening van die werk wat deur die jaar behandel is om al die vaardighede wat ek nodig het om sukses in die eksamen te behaal, te verbeter.

(c) Ek sal ook my mede-skoliere ondersteun tydens ons voorbereiding vir die eksamen.

(d) Ek sal nie deur persoonlike of ander omstandighede van stryk gebring word in my strewe om my Nasionale Seniorsertifikaat-kwalifikasie te verwerf nie.

(e) Ek onderneem om die beginsels van eerlikheid en integriteit in hierdie eksamen te handhaaf deur:

  (i) Te voldoen aan al die reëls en regulasies wat op die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen van toepassing is.

  (ii) Die wettig erkende instruksies van toesighouers gedurende die skryf van die eksamens uit te voer.

  (iii) My nie deur enige person, die toesighouer ingesluit, te laat beïnvloed om op enige manier tydens die eksamen oneerlik te wees nie.

  (iv) Nie deel te neem aan enige oneerlike praktyke wat insluit, maar nie beperk is nie tot, afskryf, besit van ongeoorloofde materiaal of elektroniese toestelle (bv. selfoon), aanbied (of aanvaar) van hulp aan/van ander kandidate, skryf namens ander kandidaat of enige ander ongeoorloofde optrede.

  (v) Enige vorm van oneerlikheid waarvan ek bewus is aan die skoolhoof te rapporteer.

(f) Ek maak hierdie belofte plegtig, uit eie keuse en erken dat dit bindend op my gewete is.

Naam:	
Eksamennommer:	
Sentrumnaam:	
Handtekening:	
Datum:	